21 Augustus 2026

AAN: ALLE VOORSITTERS VAN KERKRADE / SAAKGELASTIGDES / ALLE PREDIKANTE

Goeiedag

SINODESITTING 2026 – VERDERE REËLINGS

In my vorige brief 4 Junie 2026 het ek die volgende inligting deurgegee:

- Die vier en twintigste gewone Sinode van die NG Kerk Sinode Hoëveld vind plaas DV 25 tot 28 Oktober 2026 by Weesgerus, Modimolle;
- Geloofsbriewe en beskrywingspunte moes ingehandig gewees het teen 14 Augustus 2026.

Die Ontwerpspan van die Sinode het die afgelope week vergader en aan 'n verskeidenheid sake aandag gegee. Hoewel die Sinodale Kommissie eers op 15 September 2026 die finale samestelling van die program en die agenda van die Sinode kan goedkeur, is dit tog nodig om belangrike inligting deur te gee.

'n Voorlopige program sal moontlik teen 18 September 2026 versprei kan word. Die agenda sal gefinaliseer word teen 25 September 2026 en in elektroniese formaat uitgestuur word. By die laaste Sinode is besluit dat die Sinodale Kantoor net by uitsondering gedrukte agendas beskikbaar sal stel.

Die Sinodale Dienskommissie het besluit dat die Sinode sal instaan vir die verblyfkoste en al die etes van die afgevaardigdes na die Sinode. Op Sondag, Maandag en Dinsdag sal daar aandete verskaf word. *Brunch* sal bedien word op Maandag en Dinsdag terwyl ontbyt Woensdag bedien sal word en sinodegangers met verdaging op Woensdag 'n kospakkie sal ontvang.

Registrasie sal DV plaasvind van 14:00 op Sondag 25 Oktober 2026. Die eerste deel van die program begin om 15:30 op 25 Oktober 2026. Die afsluiting van die Sinode sal DV wees op Woensdag 28 Oktober 2026 om 11:00 met die oog daarop om teen 11:30 te verdaag.

Gladiatorstraat 56, Rhodesfield, Kempton Park, 1619 / 56 Gladiator Street, Rhodesfield, Kempton Park,1619
Posbus 10444, Aston Manor, 1630 / P O Box 10444, Aston Manor, 1630

Tel: 011 394 0891
Faks / Fax: 011 975 4889 / 086 763 7955
E-pos / E-mail: Bestuurder@ngkhoeveld.co.za
Web: www.ngkhoeveld.co.za

Kerkrade word versoek om in te staan vir die reiskoste van die gemeente se afgevaardigdes na die Sinode. Die Sinode begroot ongeveer R2 300 per afgevaardigde vir die verblyf en etes. Indien 'n gemeente 'n waarnemer na die Sinode wil stuur, sal die gemeente met die Sinodale kantoor hieroor in gesprek moet tree. Gemeentes wat hulp nodig het met die betaal van reiskoste vir die afgevaardigdes moet ook asb. met die Sinodale Kantoor in gesprek tree.

Daar was reeds navrae oor die verblyf. In die lig daarvan dat baie gemeentes se geloofsbriewe uitstaande was teen 14 Augustus 2026, was dit nog nie moontlik om met die proses oor die indeling van die akkommodasie te begin nie. Op die stadium word beplan om teen 4 September die vraelys oor die akkommodasie uit te stuur, mits meer inligting tot ons beskikking is. Die Sinodale Kantoor versoek dat kerkrade erns sal maak met die aanstuur van geloofsbriewe en sal dit waardeer as alle geloofsbriewe teen 11 September 2026 ingehandig is.

Soos vroeër gesê probeer die Ontwerpspan en die Sinodale Kantoor aan die vrae wat opduik aandag te gee, maar daar is sommige uitdagings waarvoor daar nog oplossings gesoek word. Een daarvan is die kwessie van kinderoppassers. Indien iemand voorstelle in die verband het, sal dit verwelkom word.

Die Sinode sal weer van 'n Steunspan gebruik wil maak. Dit is gewoonlik jeugwerkers of studente wat help met die ondersteuning tydens die Sinode. As die gemeente kennis dra van 'n jeugwerker of 'n student wat bereid sal wees om tydens die Sinode 'n lid van die Steunspan te wees, kan die persoon my of die Sinodale Kantoor gerus kontak.

Ek is oortuig dat daar wel sekere sake is waaroor daar meer duidelikheid nodig is. Indien wel, kontak my gerus.

Groete in Christus.



Hannes Windell (ds.)
Skriba